24 Februarie 2010

OUEROMSENDBRIEF 7/2010

Geagte ouers/voogde

1. GEDAGTE VAN DIE WEEK

My kind as rolspeler op pad … na volwassenheid

Vroeër is in die rubriek geskryf dat elke kind 'n rol speel oppad na sy volwassenheid.

Een van die onderwyseresse bring vir my 'n fotostaat van 'n artikel:

My hart se punt op p.17 van die tydskrif Lééf met hart & siel, gedateer Maart 2010.

Die belangrike deel was juis dat die kind 'n keuse gemaak het met „ … daar gebeur mos ander dinge ook …". Hierin skryf 'n ma ene Lizette Murray (uittreksel) soos volg:

„Wil ons heimlik onsself deur hulle verwesenlik?
Ons moet eerlik wees met onsself. Ons het ons beurt gehad. Nou moet ons ons kinders help om húl keuses te maak – en dan uit te leef.

Dan kan ons hulle aanmoedig en daar wees vir hulle: Op die paviljoen. Langs die netbalveld, In die kar op pad na 'n eisteddfod. In die klein ruimte van jou motor kan groot geselse gesels word. Jou kar kan jul bidplek word. 'n Troosplek. 'n Klaskamer van die lewe.

Kort ná ons een seun se dood sit ek en kyk hoe ons jongste rugby speel. Ek bid intens: "Ag, Here, daar is deesdae so min lekker oomblikke vir my kind. Laat hul span tog wen – sodat minstens één ding is waaroor hy kan bly wees". Toe verloor hulle.

Agterna vertel ek hom van my gebed.

KOOP U VOERTUIG BY McCARTHY TOYOTA, HENDRIK VERWOERDRYLAAN. HUL ONDERSTEUN DIE SKOOL GEREELD. Sê U IS 'N OUER VAN BAKENKOP AS U 'N VOERTUIG BY HUL KOOP EN DIE SKOOL KRY 'N SKENKING VAN R1000.00
KONTAK PERSONE PIETER VELDSMAN (NUWE VOERTUIE) VAUGHAN PRETORIUS (AUTOMARK).
Tel: 012 653 9400

"Maar, Ma, daar gebeur mos ander dinge óók op die veld. Dit was een van ons lekkerste wedstryde vanjaar!"

Die aand bid ek: "Help my tog om nooit die entoesiasme waarmee my kinders leef, dood te smoor op soek na eer en prestasie nie. Of omdat ek dink ek weet wat goed is vir hulle nie."

Ons moet ons kinders toelaat om onbevange kind te wees.

Sonder vrees vir verloor of druk om te wen.

Met genoeg tyd vir speel.

En vir 'n suigstokkie in die kies."

2. SKOOLGELDE

Ouers wat nog die volle skoolgeldbedrag vir die jaar wil betaal het, volgens Beheerliggaam- besluit, nog tot DV Maandag 8 Maart 2010 tyd om dit te doen. Ouers kan 7½% afslag kry deur dit te doen.

3. BAKIE VRYDAG HEMDE

As gevolg van prysverhogings van ons verskaffers is ons genoodsaak om die hemde se pryse te verhoog na R80.00 per hemp.

Daar is nou weer voorraad by die Snoepie.

4. GESINSWERKSWINKEL 6 MAART 2010

Onderwerp: "SELFBEELDONTWIKKELING BY LAER- EN HOëRSKOOLKINDERS"

Aanbieder: Bertie Hanekom van Perspektief Opleidingskollege, Potchefstroom

Tyd: 09:00 - 12:00

Plek: LAERSKOOL BAKENKOP, Underbergstraat, Wierdapark

Koste: R50 per persoon. (Sluit tee en verversings in)

Vir meer besonderhede: noodlyn@gkwp.co.za

sms: Pietie Brink by 082 468 1420

5. SENIOR KOOR

27 Februarie	-	Oefen en pretdag : 09:00 tot 12:30. (Elke koorlid het 'n brief met inligting ontvang, stuur asb. die skeurstrokie en R65.00 vir Juffrou Chanel Gouws.
22 April	-	Notepret aand.
17 Mei	-	Autumn Concert
2 Junie	-	Kultuur aand.

Almal wat hempies bestel het moet asb. R60.00 inbetaal by juffrou Chanel Gouws.

Koorlede wat nog nie die R20.00 vir die koorfonds betaal het nie, kan dit vir juffrou Chanel Gouws bring asb.

Ons benodig die hulp van 2 mammas vir toesig op Saterdag, 27 Februarie. Laat weet asb. vir juffrou Mandi Kotze indien u kan help.

6. GRAAD 1 NETBAL (BALVAARDIGHEDE)

Ons oefen elke Dinsdag en Donderdag vanaf 13:00 tot 13:40. Al die Graad 1 dogtertjies is welkom! Trek enige gemaklike kort broekie en t-hempie aan. Bring ook jou tekkies saam.

7. ATLETIEK

26en 27 Februarie	-	Atletiek : GISSA TBC : Gauteng Skole (Germiston stadion)
19 en 20 Maart	-	Atletiek: Nasionale kampioenskap – (Oos Londen)

8. PRAATJIE DEUR IVY SUTTON

<u>Geniet jou man</u>

PLEK	**:**	**Laerskool Bakenkop**
DATUM	**:**	**4 Maart 2010**
PRYS	**:**	**R100 per persoon**

Sluit vingerete en geskenkie in.
Deure open 18:30.
Navrae : 082 4588831

9. TROMPOPPIES

Trompoppies gaan weer begin by Laerskool Bakenkop.

Op Vrydag 26 Februarie 2010 word daar 'n keuring gehou by die pawiljoen vanaf 13:15 tot 15:15.

Indien u reeds ander planne gemaak het, skakel gerus vir mev. Drieka van Staden by 076 4297623 om 'n ander tyd vas te maak vir u kind se keuring.

Vriendelike groete

_____

J.W.C. SCHEEPERS

HOOF